

Meganiese Oes van droebone – die pad vorentoe.



Droebone het nog altyd die reputasie om een van die mees arbeidintensiefste saaiwasse te wees. Nietimin behaal droebone pryse wat heelwat hoer is as die van sojabone. Droebone produksie kan dus 'n aantreklike opsie wees as deel van 'n gediversifieerde boerdery.

Met die huidige hoe koste van arbeid, word meganiese oes ernstig oorweeg deur produsente. Droebone is oor die algemeen moeilik om te oes met 'n stroper as gevolg van die eienskap van die plant wat geneig is om te le en die peule dan te naby aan die grond is.



Met die vrystelling twee jaar gelede van 'n nuwe regop plant, het die produsent nou die voordeel om hul stropers te gebruik in die oesproses. Die nuwe droebone met die naam *Ukulinga* is deur *Pro Seeds* en *McDonalds Seeds* in Pietermaritzburg ontwikkel.



Die varieteit het 'n bosagtige groeiwyse wat dit geskik maak vir Hoefeld droebone produksie. Die plant het 'n sterk, regop stam wat verhoed dat die plante le. Die laagste peule is ongeveer 5 cm bo die grondoppervlakte. Selfs in die nat seisoen is die kwaliteit van die bone goed, omdat daar geen kontak tussen die peule en die nat grondoppervlak is nie. In die vorige seisoen het verskeie produsente in

Kwa – Zulu Natal met die meganiese oes van *Ukulinga* goeie resultate behaal.

Proewe het getoon dat die stropers die plante optel sonder enige probleem en die plante wat agterbly is minimal. *Ukulinga* peule split nie maklik tydens die oesproses nie en verliese is minimal. In 'n proef wat in Bergville distrik uitgevoer is, is 'n 7 ha land in minder as twee uur geoes. Volgens produsente is die meganiese oes van droebone die pad vorentoe vir volhoubare droebone produksie in Suid – Afrika. In die komende seisoen sal proewe gedoen word ten opsigte van bemesting en spasiering van droebone om opbrengspotensiaal en verbouingspraktyke van *Ukulinga* te verfyn. Die terugkeer na handoes is vir produsente nie 'n opsie nie.

